

Nuusbrief

Jaargang 7 Nommer 2

Mei 2012

Liewe Kollegas

Ek vertrou dat dit met julle almal baie goed gaan.

Soos julle weet verlaat ek eersdaags die kantoor van die Algemene Sinode en daarmee saam ook die KMDR. Die Bestuur van die KMDR het die afgelope tyd hard gewerk om die vakature wat hierdeur ontstaan, te probeer bestuur. Die doel van die nuusbrief is om julle in te lig oor die pogings en aan julle die geleentheid te gee om daarop kommentaar te lewer.

Ds Willie van der Merwe

**In hierdie
uitgawe:**

**Aanstelling van
uitvoerende beampte
vir die KMDR**

1. Deelydse uitvoerende beampte

Die pos van uitvoerende beampte van die KMDR was nog altyd, sedert die totstandkoming van die KMDR, 'n deelydse pos.

Tot nou toe was die bekleër van die pos ook verantwoordelik vir Diens en Getuienis en vir sekere take in die kantoor van die Algemene Sekretaris.

2. Besluite van die Bestuurspan van die Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)

Die Dagbestuur van die Bestuurspan van die ASM het besluit om by die Moderamen aan te beveel dat die vakature wat met die weggaan van ds Willie van der Merwe ontstaan, nie weer gevul word nie.

Die implikasie hiervan is dat die KMDR ook nie weer 'n uitvoerende beampte in 'n gedeelde pos met die kantoor van die Algemene Sekretaris sou kan aanstel nie.

3. 'n Nuwe oplossing

Die Bestuur van die KMDR is van mening dat 'n uitvoerende beampte vir die KMDR onontbeerlik is, nie net vir die KMDR nie, maar ook vir die breër kerksisteem.

Die KMDR het oor die jare 'n waardevolle

staanplek in die maatskaplike welsynsisteem van die land ingeneem, en die Bestuur is baie besorg dat die kerk daardie staanplek kan verloor as daar nie langer 'n uitvoerende beampte

Blaai asb om

vir die KMDR is nie, al is dit op 'n deelydse basis. Om die rede het die Bestuur dit begin oorweeg om by een van die lidorganisasies tyd in te koop.

In die gesprek het dit bekend geword dat NG Barmhartigheidsdiens van die Sinode Hoëveld hulle vakante direkteurspos vir dr Botha van Aarde aangebied het en dat hy dit ernstig oorweeg. Die Bestuur het hierin 'n geleentheid gesien en by die Algemene Sekretaris van die NG Kerk aanbeveel dat hulle 'n ooreenkoms met die NGBD aangaan om tyd van Botha van Aarde in te koop met die oog op die uitvoerende beampte-pos van die KMDR.

Die Dagbestuur van die Bestuurspan van die ASM het egter nie daarvoor kans gesien om so 'n ooreenkoms met die NGBD aan te gaan nie. Die Dagbestuur van die Bestuurspan het egter wel aangebied om 'n bedrag van R120 000.00 aan die KMDR beskikbaar te stel vir die 2012 finansiële jaar ten einde die KMDR in staat te stel om 'n ooreenkoms met NGBD aan te

gaan.

Die Bestuur is bewus daarvan dat die stap bepaalde risikos inhou en wil graag die lede van die KMDR ook daarvoor inlig.

Die belangrikste risiko is dat die Bestuurspan en ASM kan besluit om nie in die 2013 finansiële jaar voort te gaan met die toekenning nie of die toekenning te verminder.

Indien dit sou gebeur kan die KMDR genoodsaak word om die ooreenkoms met NGBD te hersien of te laat vaar. Die rimpeleffek hiervan is dat die NGBD ook op risiko is.

In die lig hiervan het die Bestuur 'n dringende gesprek met die Dagbestuur van die Bestuurspan van die ASM aangevra om ten minste die toekenning vir die 2013 finansiële jaar te probeer beveilig.

Die Bestuur onderneem ook om die gesprek met die Dagbestuur van die Bestuurspan voort te sit ten einde 'n meer permanente bedeling te probeer verseker.

4. Is daar 'n ander manier om die risiko te bestuur

Die Bestuur van die KMDR het heelwat tyd bestee aan die moontlike scenario wat hierbo beskryf is naamlik dat die Algemene Sinode hulle finansiële steun aan die KMDR kan staak of verminder.

'n Verdere oplossing vir die risiko is die erfating uit die boedel van wyle Pieter Verhoef. Die erfating beloop ongeveer R1miljoen en die Bestuur hoop om dit binnekort te ontvang.

Julle (die ledevergadering) het reeds vroeër besluit dat die NG Kerk versoek sal word om die erfating in trust vir die KMDR te hou.

Die Bestuur is van mening dat die trust 'n borg vir die ooreenkoms met die NGBD kan wees, as die finansiële steun van die Algemene Sinode sou afneem of gestaak word.

5. Dringende versoek

Dit is vir die Bestuur van die KMDR baie belangrik om te weet of julle saamstem met bogenoemde handeling en besluite van die Bestuur.

Daarom word julle uitgenooi om kommentaar te lewer.

Die kommentaar moet Suzanne Potgieter nie later nie as 12:00 **Maandag, 21 Mei 2012** bereik nie.

Die NGBD is baie haastig om hulle onderhandelinge met Botha van Aarde so gou moontlik te finaliseer.

Baie dankie vir julle aandag.

Ons wens julle 'n baie geseënde Pinkstertyd toe.

Willie van der Merwe